**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 08 DESEMBER 2021 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester *(sluit aan om 09:05)* |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. A du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. F Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Direkteur Korporatiewe Dienste (waarnemend) |
| Mnr. N Rossouw | : | Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend) |
| Mnr. D Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. SM Lesch | : | Bestuurder: Administrasie (waarnemend) *(sluit aan om 09:30)* |
| Mev. N Bothma | : | Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur |
| Mev. J Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

| | AKSIE |
|---|---|
| **BKN001/12/2021**<br>**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**<br><br>Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna die Speaker open met gebed.<br><br>*** | |
| **BKN002/12/2021**<br>**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**<br>**3/3/1/4**<br><br>Raadslid J Daniels - siekteverlof<br>Direkteur Korporatiewe Dienste – vakansieverlof<br><br>*** | |
| **BKN003/12/2021**<br>**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**<br>**3/3/1/6**<br><br>Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.<br><br>*** | |
| **BKN004/12/2021**<br>**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP WOENSDAG 17 NOVEMBER 2021</u>**<br>**3/3/2/2**<br>***(Die notule, soos elektronies versprei word ter tafel gelê – Bylae A)***<br><br>Die Voorsitter stel die notule vir goedkeuring.<br><br>**<u>BESLUIT</u>**<br><br>Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Woensdag 17 November 2021, bekragtig word.<br><br>*** | ***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)*** |
| **BKN005/12/2021**<br>**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP WOENSDAG 17 NOVEMBER 2021</u>**<br>***(Die verslag, soos elektronies versprei word ter tafel gelê – Bylae B)***<br><br>Die Munisipale Bestuurder hou die Implementeringsverslag voor ter inligting.<br><br>**<u>BESLUIT</u>**<br><br>Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Woensdag 17 November 2021.<br><br>*** | ***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)*** |

**BKN006/12/2021**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/12/2021**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/12/2021**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

Die Uitvoerende Burgemeester gee kortliks terugvoer oor die strategiese sessie tussen die Raad en direksie en bedank alle betrokke partye vir 'n suksesvolle sessie;

Hy bedank die Interne Ouditeur vir haar goeie en toegewyde diens aan Bergrivier Munisipaliteit gelewer;

Hy noem verder dat die Raad in reses sal wees vanaf 17 Desember 2021 tot 21 Januarie 2021; en

Hy wens ook alle Raadslede en amptenare 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

Die Speaker doen die volgende mededeling:

Dat mnr. J Sass se vader oorlede is.

Hy wens die familie sterkte toe en versoek 'n oomblik van stilte.

Die Uitvoerende Onderburgemeester doen die volgende mededeling:

Hy wens alle essensiële werkers sterkte toe wat die Kersseisoen aan diens gaan wees.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN009/12/2021**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/12/2021**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/12/2021**
**EERSTE DRINGENDE SAKE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: AANWYS VAN 'N NUWE EKSTERNE LID WAT KAN DIEN OP DIE "MUNICIPAL PUBLIC ACCOUNTS COMMITTEE (MPAC)" VAN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT IN TERME VAN DIE PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE STRUKTURE WET, 1998 (WET 117 VAN 1998) SOOS GEWYSIG**
**9/1/2**
***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae C)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad kennis neem dat Mnr. Arnold Bredenhann werksaam is by Mubesko as 'n Senior Bestuurder;

2. Dat Bergrivier Munisipaliteit tans gebruik maak van Mubesko se dienste en dit veroorsaak 'n konflik van belange; en

3. Dat die Raad Mnr. J Botha verkies as eksterne lid van die MPAC.

***

**BKN012/12/2021**
**BEVESTIGING VAN BESLUIT VAN DIE WYSIGING AAN GOEDGEKEURDE PROSESPLAN VIR DIE 4DE GENERASIE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die nuutverkose Raad die besluit van die vorige Raad in terme van die wysigings aan die Prosesplan van die 4de Generasie Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir Bergrivier bevestig (Aanhangsel A tot die verslag voorgelê); en

2. Dat die wysigings aan die Tydskedule van Sleutel-sperdatums vir die 2021/22 finansiële jaar soos aangeheg in Aanhangsel B, bevestig word.

***

**BKN013/12/2021**
**VAKATURE (X1) OP DIE PRESTASIE EN OUDITKOMITEE**
**12/2/2/21**

Die Interne Ouditeur lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad kennis neem van die vakature op die Prestasie en Ouditkomitee en toestemming gee dat die vakature gevul word; en

2. Dat die advertensie aangeheg by die verslag soos voorgelê, geplaas word in verskeie koerante asook op die munisipale webtuiste en kennisgewingborde gedurende Januarie 2022.

***

**BKN014/12/2021**
**VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN DIE WYKSKOMITEE-BELEID**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die Wykskomitee-beleid goedkeur.

***

**BKN015/12/2021**
**GOEDKEURING VAN AANSUIWERINGSBEGROTING 2021/2022**
***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae D)***

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDATIONS: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

a. That the second annual adjustments budget of Bergrivier Municipality for the financial year 2021/2022, be approved:

   i. Table B2: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by standard classification);
   ii. Table B3: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by municipal vote);
   iii. Table B4: Adjustments Budget Financial Performance (revenue by source) Table B5: Adjustments Budget Capital Expenditure for both multi-year and single year by vote, standard classification and funding;
   iv. Table B6: Budgeted Financial Position;
   v. Table B7: Budgeted Cash Flow;
   vi. Table B8: Cash backed reserves/Accumulated surplus reconciliation;
   vii. Table B9: Asset Management;
   viii. Table B10: Basic service delivery measurement;
   ix. Supporting Tables SB1 – SB 20; and

b. That the adjustments budget be submitted to the authorities and in the format as required by law.

***

***Die Bestuurder: Administrasie (waarnemend) sluit om 09:30 aan by die vergadering.***

**BKN016/12/2021**
**VERTEENWOORDIGERS VAN BUITELIGGAME EN ANDER RAADSAANGELEENTHEDE**
***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae E)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy, lei die item breedvoerig in. Die Bestuurder: Administratiewe Dienste (waarnemend) gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die lys van verteenwoordigers op Buiteliggame en ander Raadsaangeleenthede **(Aanhangsel A tot die verslag)** goedkeur.

***

***Die Bestuurder: Administrasie (waarnemend) verlaat die vergadering om 10:00.***

**BKN017/12/2021**
**UNAUTHORISED, IRREGULAR, FRUITLESS AND WASTEFUL EXPENDITURE REDUCTION STRATEGY AND PLANS MFMA NO. CIRCULAR 111**

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDATIONS: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That the content of Circular 111 as well as the attached MFMA Annexure "A" relating to unauthorized, irregular, fruitless and wasteful expenditure be noted;
2. That it be confirmed that the Council of Bergrivier Municipality has no historical matters of unauthorized, irregular, fruitless and wasteful expenditure that has not been dealt with;
3. That it be confirmed that the Council of Bergrivier Municipality is committed to deal with recent cases of unauthorized, irregular, fruitless and wasteful expenditure as disclosed in the annual financial statements as at 30 June 2021 that has not yet been dealt with; and
4. That an unauthorized, irregular, fruitless and wasteful expenditure reduction strategy be developed and presented to Council with the budget related policies by 30 March 2022.

***

**BKN018/12/2021**
**SECTION 71 FINANCIAL REPORT FOR OCTOBER 2021**

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item breedvoerig in.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council take note of the Monthly Budget Statement as at 31 October 2021.

***

**BKN019/12/2021**
**SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT FOR OCTOBER 2021**

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item breedvoerig in.

**RECOMMENDATIONS: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That Council take note of the October 2021 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act; and

2. That Council take note that a total of R121.17 expenditure incurred during the month of October 2021 to prevent the spread of COVID-19 and to aid in humanitarian relief during the period of lockdown level 1.

***

**BKN020/12/2021**
**WYSIGING VAN WERKNEMERSBEURS- EN STUDIEBYSTANDBELEID**
**4/4/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die voorgestelde Werknemersbeurs- en Studiebystandbeleid (Employee Bursary and Study Assistance Policy) goedkeur.

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN021/12/2021**
**PHOENIX VESTA ERP FINANSIËLE STELSEL – VERLENGING VAN KONTRAK/DIENSTE OOREENKOMS**

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item breedvoerig in.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee 'n in-beginsel goedkeuring verleen vir die verlenging van die ooreenkoms vir 'n verdere tydperk vanaf 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2032, teen die voorwaardes soos vervat in die huidige kontrak, nadat die proses gevolg is, soos uiteengesit in Artikel 116(3) en Artikel 33 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet, Wet 56 van 2003.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN022/12/2021**
**VERSOEK VANAF SAMWU OM DIE EENMALIGE UITBETALING AAN ALLE WERKNEMERS (SALARISONDERHANDELINGS 2021) VOOR EINDE FEBRUARIE 2022 TE BEWERKSTELLIG**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die versoek steun om die eenmalige uitbetaling einde Februarie 2022 te bewerkstellig, onderhewig aan die aansuiweringsbegroting van Januarie 2022.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN023/12/2021**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: NOVEMBER 2021**
**12/2/2/21**

Die Interne Ouditeur lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for November 2021.

***INTERNE OUDITEUR***

***

**BKN024/12/2021**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN025/12/2021**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***Die amptenare verlaat die vergadering om 10:50, waarna die vergadering In-Komitee voortgaan tussen die Munisipale Bestuurder en Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede.***

**BKN026/12/2021**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD: AANSTELLING VAN DIE DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die versoek van Mnr. VW Felton en dit positief aanbeveel aan die Raad vir oorweging.

***

**BKN027/12/2021**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD: ZUIDLAND HOFSAAK**
**9/1/2**

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die vordering in die Zuidland Hofsaak waarin die Bergrivier Munisipaliteit 'n respondent is en opponerende stukke geliasseer het en ook kennis neem dat die vierde respondent (Kantoor van die Premier) ook kennis gegee het dat hulle opponerende hofstukke geliasseer het.

***

**BKN028/12/2021**
**<u>IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS</u>**

Geen

***

**BKN029/12/2021**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

**BKN030/12/2021**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 10:50***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

________________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***